# LAERSKOOL STEPHANUS ROOS

H/V ANTUNSTRAAT & MIRCALAAN
SINOVILLE
PRETORIA
0182
Tel: 012 567-5121
Faks: 012 543-0828

NPO 020-352
lsroos@lssroos.co.za
www.stephanusroos.co.za

## GR. 1 - 3 INLIGTINGSBRIEF

### 1. SKOOLGELD

- Elke oudste kind in die skool ontvang ‘n skoolgeldkaart en ‘n kontrak (in huiswerk flipfile).
- Vul asb die kontrak volledig in en stuur so gou moontlik terug skool toe. Januarie se paaiement van R 1 400 moet asb so gou as moontlik betaal word. Feb-Nov se is paaiement is R1 600 per maand.
- Leerders sal eers hul SR-hempie ontvang as die volledig ingevulde kontrak ingegee is.
- Dit is belangrik om die JA/NEE blokkie op kontrak in te vul en seker te maak dat u dit wel geteken het.
- Alle skoolgeld moet deur u as ouer op die kaart ingevul en saam met die bewys van betaling by u kind se juffrou ingegee word.
- Ons vra dat u asb waar moontlik van internetbetalings gebruik sal maak vir die betaling van skoolgelde.
- Alle ander gelde (bv. Uitstappies, foto’s ens.) moet asb deur u as ouer in die betalingsvorm voor in die flipfile aangteken word, wat u sal ontvang. Plaas asb die korrekte bedrag in ‘n koevert en skryf op die koevert u kind se naam en waarvoor die geld is. U kind se Juffrou sal dan daarby teken as sy die geld ontvang het.

### 2. LIGGAAMSOPVOEDING

- Een maal per week.
- Leerders kom daardie dag met SR-hempie, swart broekie en kaalvoet skool toe.

### 3. KOSBLIKKE EN SKRYFBEHOEFTES

- Merk alle kosblikke, klere en alle skryfbehoeftes.
- Leerders moet asb nie hul baadjies, skoene en truie buite op die terrein uittrek nie - net in hul klasse, sodat dit dadelik in hul tasse gebêre kan word.

### 4. HUISWERK

- Swart huiswerksakkie.
- Hierdie sakkie moet elke dag by die skool wees. Alle boeke word in hierdie sakkie huis toe geNEEM en terug skool toe gebring.
- In hierdie sak is: huiswerk flipfile, huiswerkboeke, leesboeke.
- Huiswerk flipfile
- Huiswerkpapier vir die week word agter in die flipfile gesit. Teken asb elke dag op die huiswerkpapier sodat u bewus is van watter huiswerk u kind by die naskool gedoen of nie gedoen het nie.
- Huiswerk is net inoefening van dit wat in die klas behandel is.

- Skryf weekliks toetsies oor klanke, spelwoorde en later ook sinnetjies, sowel as Hoofrekene.
- Oefen asb hard aan die klanke en spelwoorde van elke week - dis baie belangrik.
- Huiswerk word nie intensief gemerk nie.  U as ouer moet dit asb vir ons kontroleer/merk nadat u kind dit gedoen het.
- As 'n leerder sy/haar leesboek verloor, sal u die bedrag wat 'n nuwe leesboek kos moet vereffen.
- Sien Huiswerkbeleid.

## 5. DISSIPLINE

- Dissipline begin by die huis
- Skep goeie roetine by die huis.
- U is die primêre opvoeders en moet asb ons hande sterk maak.
- Sien bylaag oor Dissiplinestelsel.
- Laat U kind asb vroeg gaan slaap en ordentlik ontbyt eet.
- Die werkstempo is vinnig en u kind ontwikkel vinnig hoofpyn of maagpyn en naarheid as hy/sy nie genoeg slaap en voldoende ontbyt kry nie.

## 6. SLAAGVEREISTES

- Slaagvereistes vir elke vak word in die Kurrikulum dokument bespreek.
- Ons werk op 'n 7-punt skaal. (7 - beste en 1 - swakste)

| Prestasievlak | Prestasiebeskrywing | Punte % |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80-100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70-79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60-69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50-59 |
| 3 | Matige prestasie | 40-49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30-39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0-29 |

- Die Beleid dui ook die slaagvereistes per vak aan:

| | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 4 (50%-59%) |
| Engels Eerste Addisionele Taal | 3 (40%-49%) |
| Wiskunde | 3 (40%-49%) |

- Leerders ontvang aan die einde van elke kwartaal 'n vorderingsverslag.

## 7. BOEKE

- Werkboeke - Dit is boeke waarin ons die werk aanleer en inoefen.
- Formele assesseringsboeke - In hierdie boeke doen ons die werksopdragte vir punte en skryf ons die toetsies in.
- Toetsboeke word weekliks huis toe gestuur sodat u daarna kan kyk en daarby kan teken. Stuur asb die boek die volgende dag terug skool toe. So bly u op hoogte van u kind se vordering.

**8. ASSESSERINGSTAKE**

- Deurlopende assessering in Afrikaans, Engels, Wiskunde en Lewensvaardigheid vind regdeur die kwartaal plaas.
- Geen toetse sal ingehaal word sonder ‘n doktersbrief of begrafnisbrief nie.
- Moet asb. nie vakansie in skooltyd gaan hou nie. U kind verloor baie werk en deurlopende assessering vind elke week plaas.
- Oueraande vind kwartaal 1 - 3 plaas. Kwartaal 1 se oueraand kan alle ouers bywoon maar Kwartaal 2 en 3 is slegs op uitnodiging.

**9. MEDIKASIE**

- Ons mag nie enige medikasie vir u kind gee nie, behalwe as u kind allergies is vir ‘n bysteek. Stuur dan asb vir ons die medikasie skool toe. Skryf u kind se naam daarop en merk duidelik wat die korrekte dosis is.

**10. LAATKOM**

- Leerders moet asb betyds by die skool besorg word (Die Hoofhek moet gebruik word in die oggend om u kind af te laai).
- Indien u kind laat is moet jul eers by die kantoor aanmeld, waar hy/ sy dan ‘n briefie sal ontvang wat hy/ sy klas toe moet bring.
- Register word 8 uur geneem, as u kind laat is en u het nie vooraf gereël nie, word u kind afwesig gemerk.
- Probleme moet asseblief eerste met die klasonderwyseres bespreek word, indien die probleem nie opgelos kan word nie, kan ons dit met die Departementshoof gaan bespreek.

11. HULPVERLENING EN REMEDIËRING

- Daar word remediëring gedoen in Afrikaans en Wiskunde vir leerders wat hulp benodig vanaf Kwartaal 1 en sal 30 Januarie reeds begin.
- Inligting mbt tye sal aan ouers skriftelik deurgegee word.

**12. VERSLAE**

- Stuur asb enige terapie of doktersverslae skool toe. Hoe beter ons ingelig is, hoe beter kan ons u kind onderrig en hom/ haar help om hul volle potensiaal te bereik.

**13. VROEG KOM HAAL**

- Indien u, u kind vir ‘n noodgeval vroeër by die skool gehaal moet word moet u hom/haar eers in die kantoor gaan uitteken. Die dame in die kantoor sal dan die kind oor die interkom roep.
- NB. Sien Bylaag vir die volledige prosedure om te volg wanneer ‘n kind vroeg uitgeteken word.

## 14. VERJAARDAE

- Partytjiepakkies of “cupcakes” is welkom. Dis maklik om uit te deel en die kinders geniet dit.
- Leerders mag op die dag wat hul verjaar gewone klere aantrek.
- Indien leerder oor ‘n naweek verjaar mag hy/sy dan Vrydag gewone klere aantrek. Leerders wat in die vakansie verjaar, trek op die laaste dag wat skool sluit gewone klere aan.

## 15. KLASKOMITEE/GROEPLID

- Elke klas het ‘n komitee.
- Die voorsitter van die klaskomitee gee belangrike inligting deur aan die res van die klas se ouers.
- Die komitee help ook by geleenthede soos die kaskar.

## 16. KOMMUNIKASIE

- Alle belangrike inligting word op die Edupac toepassing (App) en Remind geplaas. Kyk gerus gereeld daar. Onthou om te registreer vir die Edupac Toepassing.
- Geen WhatsApp groepies, Telegram of enige ander groepies word toegelaat nie. U is volgens die wet aanspreeklik vir enige kommentaar wat u hierop gee of selfs omdat u deel was van die groep, terwyl iemand anders op die groep ongevraagde boodskappe stuur.

## 17. TOEGANG TOT DIE TERREIN

- Geen ouers sal op die terrein toegelaat word voor skool of tot en met 13:30. U kan u kind kom haal by die Hoofhek of Hek 2.

## 18. POUSES

- Gr. 1 tot 3 hou op verskillende velde pouse.

## 19. SKRYFBEHOEFTES

**GRAAD 1:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1x<br>1x<br>1x<br>2x<br>3x<br>1x<br>12x<br>2x | Waslap<br>Olie-Pastelle<br>Waterverf (12)<br>Faber-castell Inkleurpotlode (12)<br>Steadler Uitdraaikryte (12)<br>Metaal Skerpmaker met<br>drommetjie<br>2H Gryspotlode (Steadler)<br>Bostik (Klein) | 1x<br>1x<br>1x<br>1x)<br>2x<br>1x<br>4x<br>1x<br>3x | Stomppuntskêr (Linkerhandskêr vir<br>linkshandiges)<br>Springtou<br>80 Bladsy Inkleurboek<br>Kido Dough Klei (Bakkie met deksel)<br>20 Sakkie Rooi Kangaroo Flip File<br>30 Sakkie Rooi Kangaroo Flip File<br>Pentel Maxiflow Whiteboard Marker<br>Wit bordjie<br>Dik A4 plastiek inskuif-boekoortreksels |

L/S Stephanus Roos pennesakkie by die Klerewinkel aankoop) – R55,00
Addisioneel: Elke leerder moet ‘n legkaart hê (minimum 50 stukke) en; 1 storieboek.

**GRAAD 2:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Pennesakkie 30mm | 2 | Uitveërs |
| 12 | Faber Castell-potlode – 2H | 2 | 10 Bls Flip File |
| 2 | Lang Kleurpotlode (12) | 1 | 30 Bls Flip File |
| 1 | Uitdraaikryte | 1 | Waslap |
| 10 | ***Dik inskuif*** plastiekoortreksels (A4) | 1 | A4 “Clear Book bag” met “Zip” |
| 1 | Skerpmaker met houertjie | 2 | Bostik Glue stick 36g |
| 1 | Ponal Gom | 1 | Inkleurboek 40 bls |
| 2 | Witbordpenne Swart | 1 | Witbordjie |
| 1 | 100 Stuk legkaart (Merk boks en elke legkaart stuk) | 1 | Waterverf (12) |

**GRAAD 3:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12 | Grys potlood HB | 1 | Bostik Glue stick 36g |
| 1 | Skerpmaker met houertjie | 6 | 10 bladsy Flip File |
| 1 | 30cm liniaal | 1 | Uitdraaikryte |
| 1 | Uitveër | 1 | 12 lang inkleurpotlode |
| 1 | Legkaart 100 stuk | 10 | A4 dik plastiek inskuifoortreksels |
| 1 | Wit Bordjie | 2 | Bic Blou penne |
| 1 | White board marker Swart | 1 | A5 – A-Z Indeksboekie |